Kruisgewys nou VBO-punte werd

Kruisgewys is nou geakkrediteer. Deur die vrae hieronder te beantwoord, kan jy nou VBO-punte verdien.

Beantwoord die vraelys korrek, en jy verdien jy 2.5 VBO-punte.
Ten einde hierdie punte teen jou naam aan te teken, moes jy reeds in die verlede punte per sms geregistreer het – met ander woorde, jy is reeds 'n gebruiker van die *cpd solutions*-sisteem wat Shepherd geadministreer.

Indien jy nog nie 'n geregistreerde gebruiker is nie, kan jy die prosedure by shepherd@ufs.ac.za aanvra. Die hele prosedure word ook op bladsy 18 van *Kruisgewys* Maart 2010 (uitgawe 10/1) uitgespel (as jy nie meer die harde kopie het nie, gaan kyk by www.bybelmedia.co.za, klik op *bedieninge en kursusse*, klik op *Kruisgewys* aan die linkerkant om dit af te laai).

 Hoe om die veelkeuse-vraelys *per sms* te voltooi:
Stuur die aktiwiteitskode **a37603 (hierdie kode is slegs geldig vir die November 2010-uitgawe van *Kruisgewys*),** gevolg deur u reeks antwoorde na 31029 deur 'n soortgelyke sms te skryf:
a37603 a a b e d ..... (jou antwoord op vraag 1 is dus a, vraag 2 is a, vraag 3 is b, ens.)
Jy kan spasies enige plek in die SMS gebruik vir jou eie leesbaarheid, die stelsel ignoreer dit later.

 Om die veelkeuse-vraelys *op die internet* te voltooi:
Jy kan ook die vraelys op die webwerf *www.cpdsolutions.co.za* voltooi. Jou selfoonnommer en 'n pinkode gee vir jou die toegang. Op die webwerf is 'n skakel wat die pinkode aan jou sal SMS indien jy nog nooit 'n pinkode gebruik het nie.

Jy kan ook met jou e-posadres toegang tot die webbladsy verkry. Die pinkode sal dan per e-pos aan jou gestuur word.

Nadat jy aangeteken het, volg die skakels na **"Articles and Multiple Choice Tests > Shepherd".** Jy beantwoord bloot die vrae op hierdie bladsy. Indien korrek, verdien jy die VBO-punte.

Geniet dit!

CPD vraelys

1. Die titel van Chris Jones se artikel kom van 'n aanhaling van watter filosoof?
a. Johan Rossouw
b. Bert Olivier

2. Johan Rossouw praat in Chris Jones se artikel van drie samelewingsfere. Watter een noem hy nie?
a. Polities
b. Godsdienstig
c. Ekonomies
d. Sosiaal

3. Bert Olivier praat in Chris Jones se artikel van 'n psigo-analis wat gesê het: *"Frustration is the wetnurse of violence!"* Watter een het dit gesê?
a. Abrahansen
b. Lacan

4. Johan Rossouw praat in Chris Jones se artikel van 'n: "_____ begeerte" by armes – wat lei tot gevoelens van wanhoop en vernedering." Van watter begeerte praat hy?
a. Gefrustreerde
b. Versteurde

5. Peter Grove haal in sy artikel die skrywer van *Walking with the poor* aan. Wie is dit?
a. Raymond Fung
b. Bryant Myers

6. Peter Grove verkies die volgende benadering tot armoede
a. 'n Tekort-gebaseerde benadering
b. 'n Bate-gebaseerde benadering

7. Peter Grove haal 'n skrywer as volg aan: "…dat die armes dikwels binne 'n web / spinnerak van leuens vasgevang is." Watter nasionaliteit is die skrywer?
a. Indonesies
b. Indies

8. In die hart van die bate-gebaseerde benadering, sê Peter Grove, is die besef dat die armes oor minstens _____ bates beskik. Armes het ten minste hoeveel bates?
a. 4
b. 3
c. 5
d. 2

9. Ben du Toit definieer armes as mense wat minder as _____ 'n maand verdien.
a. R500
b. R1000
c. R700

10. Ben du Toit sê dat die enkele grootste maatskaplike behoefte in ons armoede-gemeenskappe vandag _____ is
a. Ondersteuning van *"child headed households"* is.
b. Plekke van veilige bewaring / beskerming vir kinders is.
c. Die ontstaan van magstrukture en bendevorming en gepaardgaande geweld

11. Ben du Toit haal twee skrywers aan wat in 2003 oor *Social delivery* in South Africa geskryf het. Wie was hulle?
a. Van der Sandt en Bredenkamp
b. Van der Merwe en Bredell
c. Van der Berg en Burger

12. Ben du Toit motiveer geloofsgemeenskappe om iets aan armes te doen
a. Omdat die verlede ons daartoe dwing.
b. Omdat dit reg is dat ons dit doen.
c. Omdat geweld sal toeneem as ons dit nie doen nie.

13. Christo van der Merwe verwys na Johan Cilliers se opmerking oor God se behandeling van die Joodse vroue in die Duitse konsentrasiekampe. Hy sê God het
a. die vroue se geloof versterk sodat hulle staande gebly het
b. hulle hare gestreel
c. die deure van die gaskamers vir hulle gesluit

14. Christo van der Merwe: Die vraag oor God se rol by misdaad word méér akuut wanneer
a. een van jou vriende deur misdaad getref word
b. jou familie deur misdaad getref word
c. jyself deel van die misdaadstatistiek is

15. Annette in Christo van der Merwe se artikel het ná 'n geweldsaanval op haar
a. beter veiligheidsmaatreëls by haar huis getref
b. die polisiestasie gaan verf
c. in vrees geleef vir swart mense

16. Volgens Ina Mundell is *Jakob se Put* in
a. Pretoria-Oosterlig
b. Samaria
c. Kameeldrif

17. Mundell vertel dat die vernaamste vereiste vaardigheid vir nuwe werksgeleenthede is
a. persoonlike volwassenheid
b. entrepreneursvernuf
c. rekenaarvaardigheid

18. Die Donderdagoggend-byeenkomste van *Jakob se Put* fokus
a. op persoonlike onderhoude
b. ook op netwerke vir moontlike werksgeleenthede
c. uitsluitlik op geestelike versterking

19. Kameeldrif NG-gemeente is
a. uit en uit 'n plattelandse gemeente
b. 'n groeiende voorstedelike stadsgemeente
c. 'n gemeente met twee plakkerskampe

20. Kameeldrif se gemeentevisie is
a. om 'n artikel 21-maatskappy vir misdaadbestryding op te rig
b. wat hulle kan doen om van Kameeldrif 'n beter plek te maak
c. om 'n familiesentrum vir getraumatiseerde kinders daar te stel

21. Die naam van Kameeldrif se nutsmaatskappy is
a. Kamcare
b. Roodeplaat
c. Kameeldrif-liefdesdiens

22. Kameeldrif se betrokkenheid by die gemeentskap is deel van hulle
a. barmhartigheidsdiens
b. gemeentebou
c. sendingaksie

23. Waar het een van Kameeldrif se kindersentrum dogters in roei presteer?
a. Kaapstad
b. Indië
c. Tunisië

24. Hoeveel sentrums bedryf Kameeldrif se nutsmaatskappy?
a. ses
b. vier
c. drie

25. Die vernaamste impak van al die aksies by Kameeldrif is
a. misdaad het baie afgeneem
b. dit het hoop gebring in die gemeenskap
c. werkloses het werk gekry

26. Jaco Thom se jongste Bybelstudiegids handel oor twee bekende Bybelfigure.
a. Ester en Mordegai
b. Rut en Boas

27. Die geskikste hulpmiddels om alternatiewe eredienste in die gemeente aan te bied is te kry in
a. Preekstudies met liturgiese voorstelle 2011
b. Handleiding vir die erediens
c. Die Bybel praat vandag 2

28. Die Preekstudies met liturgiese voorstelle 2011 is gegrond op
a. Jaar A van die RCL
b. Jaar B van die RCL
c. Jaar C van die RCL

29. In een van die advertensies in dié *Kruisgewys* is 'n spesiale besparingsaanbod van
a. R35,00
b. R45,00
c. R25,00

30. In hulle jongste boek oor tienerseksualiteit gebruik Elmari Craig en Anjenita Hugo 'n metafoor. Wat is dit?
a. Misterie
b. Prins en Prinses
c. Sprokie